basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## RELIGIESTUDIES V2

## 2018

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

2. Beantwoord enige DRIE vrae.

3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Die lengte van die antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het.

| |
|---|
| Alle godsdienste het 'n stel oortuigings oor die aard van die mensdom, die wêreld, die goddelike, die skepping en ander dele van ons lewens. Sulke breë oortuigings staan as godsdienstige leringe/leerbeginsels bekend. Godsdienstige leringe kan in die vorm van geskrewe of mondelinge tekste wees. |
| [Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*] |

1.1 Bespreek die aard van die wêreld. (10)

1.2 Bespreek die aard van die godheid. (10)

1.3 Bespreek die plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld. (10)

1.4 Tot watter mate, dink jy, bring mense die verantwoordelikhede wat jy in VRAAG 1.3 bespreek het, ten uitvoer? (10)

1.5 Verduidelik hoe die heilige teks(te) van hierdie godsdiens ontwikkel het. (10)
**[50]**

## VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Darwin se evolusieleer gee 'n alternatiewe verduideliking vir die oorsprong van die mens. Alhoewel evolusie nie godsdienstige idees oor die skepping direk teenspreek nie, is dit duidelik dat dit geen verklaring as deel van 'n goddelike plan bied nie. |
| [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*] |

2.1 Verduidelik Charles Darwin se evolusieleer. (10)

2.2 Evalueer krities die reaksie van die volgende godsdienste op Darwin se evolusieleer:

2.2.1 Die Christelike godsdiens (8)

2.2.2 Hindoeïsme (8)

2.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Godsdiens het nog altyd verklarings met betrekking tot die skepping aangebied. Die wetenskap het egter in die afgelope vier eeue begin om ander antwoorde op hierdie vrae te bied.
>
> [Aangepas uit *Religion Studies*, Steyn, et al.]

2.3.1 Verduidelik kortliks die wetenskaplike teorie van hoe die heelal ontstaan het. (12)

2.3.2 Met verwysing na die leringe van enige EEN godsdiens, verduidelik hoe die heelal ontstaan het. (12)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Sekularisme is die geloof dat regering en moraliteit nie op godsdiens gebaseer moet wees nie. Dit beteken nie dat dit nie deur godsdiens beïnvloed kan word nie, dit beteken net dat godsdiens nie die finale sê moet hê nie.
>
> [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

3.1.1 Bespreek die oorsprong van sekularisme. (12)

3.1.2 Bespreek die leringe van enige EEN sekulêre wêreldbeskouing wat jy bestudeer het. (14)

3.1.3 Hoe het sekularisme tot die vestiging van godsdienstige verdraagsaamheid in die wêreld bygedra? (14)

3.2 Elke godsdiens het normatiewe bronne wat op toepaslike wyse geïnterpreteer moet word. Noem enige VYF hermeneutiese beginsels. (10)
**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TIENERSWANGERSKAP**

Volgens die jaarlikse skoolopname van 2015 het meer as 15 000 leerders gedurende die akademiese jaar swanger geraak. Die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, sê dat swangerskappe by skole 'n groot maatskaplike uitdaging geword het, nie net vir die onderwyssektor nie, maar belangriker, ook vir nasionale ontwikkeling.

[Bron: www.ewn.co.za, 2017]

4.1.1 Noem enige VYF faktore wat tot tienerswangerskap bydra. (10)

4.1.2 Evalueer die invloed van tienerswangerskap op die samelewing. (10)

4.1.3 Kies enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het en bespreek die leringe/leerbeginsels wat tienerswangerskap teenstaan. (10)

4.2 Noem enige TWEE vertakkinge van EEN godsdiens wat jy bestudeer het en bespreek die verskille tussen die leringe/leerbeginsels. (20)
**[50]**

## VRAAG 5

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Konflik is 'n lewenswerklikheid. Godsdiens was soms deel van die probleem, maar die ware bedoeling van godsdiens was nog altyd om konflik te voorkom indien dit nog nie plaasgevind het nie, en om dit op te los indien dit reeds plaasgevind het.

[Aangepas uit *OBE for FET Religion Studies Grade 12*, Steyn et al.]

5.1 Identifiseer EEN konflikgebied in Afrika en gee 'n kort geskiedenis van die konflik. (14)

5.2 Beskryf die huidige situasie met betrekking tot die konflik wat jy in VRAAG 5.1 geïdentifiseer het. (12)

5.3 Verduidelik die rol van godsdiens in die konflik. (10)

5.4 Dink jy dat godsdiens konflik in konflikgebiede kan help oplos? Gee redes om jou antwoord te ondersteun. (14)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou